

ONDERWYSERS STEL DIE VERLEDE BEKEND, ONTHUL DIE HUIDIGE, EN SKEP DIE TOEKOMS!

Onderwyseropleiding by die Noordwes-Universiteit (NWU) spog met 'n geskiedenis wat tot so ver terug as 1919 strek. Die Fakulteit Opvoedkunde is vandag die grootste verskaffer van kontak- en oop afstandsonderrig (ODL) in Suid-Afrika.

Die hoë vraag na toelating tot die BEd- professionele onderwyskwalifikasies en die feit dat so baie gekwalifiseerde onderwysers kies om hulle vaardighede deur die fakulteit se nagraadse aanbiedings uit te brei, weerspieël die uitnemendheid van en vertroue in die NWU.

Gegradueerdes met 'n NWU-kwalifikasie bevind hulle aan die voorpunt en lei die volgende geslag onderwysers, politici, sakeleiers, kunstenaars, wetenskaplikes, entrepreneurs en dokters op.

Wat navorsing betref, word die fakulteit hoog geag vir sy lank bestaande bydrae tot die uitbreiding van die kennisbasis van menseregte-onderrig in diversiteit, geletterdheidsteoriepraktyk, selfgerigte leer, werksomgewings en gemeenskapsgebaseerde navorsing.

INTERNASIONAAL BEKEND

Die NWU verteenwoordig met trots die Afrika-kontinent op die wêreldverhoog as een van die grootste en mees gesogte universiteite ter wêreld. Bekend vir sy uitnemendheid in onderrig-leer en navorsing, kan die Universiteit met 'n studentebevolking van 66 verskillende nasionaliteite spog. Laasgenoemde is die bewys van die NWU se wêreldwye mededingingsvoordeel.

Deur strategiese internasionale samewerking met kundiges en ander instellings vir hoër onderrig, verseker die NWU 'n wêreldwye voetspoor van onderskeiding en kwaliteit.

Gevolglik is die NWU baie trots op die waarde van sy omvattende voorgraadse en nagraadse programme, asook op sy bewese navorsingsprestasierekord.

AANSOEKVEREISTES

- Volle matriekvrystelling, met 'n TPT-telling van ten minste 24.
- Let asseblief daarop dat, as gevolg van die kapasiteitsbeperkings, en omdat daar baie studente is wat vir toelating tot spesifieke studiegebiede aansoek doen, studente op grond van hulle skolasiese prestasies vir toelating tot hierdie studiegebiede gekeur sal word.
- Taal op vlak 4 (50–59%) – in die taal van onderrig op óf Huistaal- óf Eerste Addisionele Taal-vlak.

Raadpleeg asseblief hierdie skakel vir gedetailleerde inligting:
<http://studies.nwu.ac.za/undergraduate-studies/fields-study>



OP GOEIE GESAG

'n Boodskap van die
uitvoerende dekaan,
prof Lloyd Conley

Die fakulteit is verbind tot die verskaffing van hoëkwaliteit- en innoverende professionele onderwyseropleiding wat in die nasionale sowel as die internasionale konteks van toepassing is. Ons is deur middel van baanbrekertechnologie, relevante onderwysbeginsels, en die oordrag van nuwe kennis by onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid betrokke.

As 'n leidende rolspeler in die hoëronderrig- en opleidingssektor, volg ons die etos van lewenslange leer na. Dit beteken dat ons ons studente vorm om presteerders te word, en ons gegradueerdes om visionêre argitekture van doeltreffende en gevorderde onderwyspraktyke te word."

ONS HOOR GRAAG VAN JOU



Foon 018 299 4714 (Voorgraadse Administrasie)
018 299 4705 (Nagraadse Administrasie)
018 285 5900 (Eenheid vir Oop Afstandseer-
oproepsentrum)



E-pos 12367230@nwu.ac.za (Voorgraadse Administrasie)
Clea.Mclaren@nwu.ac.za (Nagraadse Administrasie)
distancepotch@nwu.ac.za (Eenheid vir Oop Afstandseer)



Web <http://education.nwu.ac.za/>
<http://distance.nwu.ac.za/> (Eenheid vir Oop Afstandseer)



Feiteblad

Fakulteit

OPVOEDKUNDE



HOE DOEN EK AANSOEK?

Raadpleeg asseblief ons webwerf om aanlyn aansoek te doen.
<http://studies.nwu.ac.za/studies/apply>

GELDSAKE

Vir 'n wye verskeidenheid beurse en finansiële ondersteuning,
kontak asseblief 018 299 2672, of besoek
<http://studies.nwu.ac.za/financial-support>

DIE GETALLE SPREEK VANSSELF



Manlik:
6 603



Vroulik:
24 225



**Meesters-
grade:**
192



Doktorsgrade:
153



Afrikaner
24 553



**Internasionale
studente:**
1 308



**Akademie-
personeel:**
297



**NNS-gegradeerde
navorsers:**
18



**Totale getal studente
in die fakulteit:**
30 828



Afstand: 24 130
Kontak: 7 492



Voorgraads: 25 513
Nagraads: 5 302
(Geleentheid-
studente: 13)

FEITE, NIE FIKSIE NIE!

- Die NWU word onder die top 5% van die universiteite in die wêreld gegradeer (QS-gradering).
- Geïntegreerde gemeenskapsbetrokkenheid is 'n strategiese prioriteit vir die Fakulteit Opvoedkunde, en daarom is personeel en studente by verskillende opvoedkundige gemeenskapsprojekte regoor Suid-Afrika betrokke.
- Studente van so ver as Namibië baat by kontakklasse wat in oop afstandleer (OAL) deur middel van interaktiewe tegnologieë soos webinars deur dosente en fasiliteerders aangebied word. Hierdie sessies word tans aan studente by 87 leerondersteuningsentrums aangebied, en 'n totaal van 95 eksamensentrums maak dit maklik om toetse en eksamens te skryf.

VOORGRAADSE STUDIES: laat jou akademiese avontuur begin!

Die Fakulteit Opvoedkunde bied drie voorgraadse studie-opsies aan:

BEEd Grondslagfase

Die doel van dié program is om onderwysers te ontwikkel wat algemene opvoedkundige beginsels kan demonstree, asook gefokusde kennis en

vaardighede in die konteks van hulle werk met graad R-3-leerders

BEEd Intermediêre Fase

Dié program vereis grondige gespesialiseerde kennis, saam met praktiese vaardighede en ervaring in die graad 4–6-klaskamerkonteks.

BEEd Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)

As 'n gekwalifiseerde persoon in die BEEd Senior Fase en VOO, moet onderwysers gespesialiseerde kennis, asook praktiese vaardighede, aan leerders in die graad 7–12-groep kan lewer.

DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE BESTAAN UIT VYF SKOLE:

- Skool vir Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie-onderwys
- Skool vir Handel en Sosiale Studies in Onderwys
- Skool vir Professionele Studies in Onderwys
- Skool vir Taalonderwys
- Skool vir Psigososiale Onderwys

EENHEID VIR OOP AFSTANDSLEER

Programme wat deur middel van oop afstandleer aangebied word:

Gevorderde Sertifikaat in Onderwys:

- Grondslagfase-onderwys
- Intermediêre Fase-onderwys
- Senior en VOO-fase Onderrig

Gevorderde Diploma in Opvoedkunde vir leerders met spesiale behoeftes

Nagraadse Diploma in Opvoedkunde in die Senior en VOO-fase BEEd-grade in Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior en VOO-fase

Diploma in Graad R-onderwys

BEEd Honneurs-grad in:

- Spesiale behoeftes
- Wiskunde
- Kurrikulumstudies
- Lewensoriëntering
- Onderwysbestuur, -reg en -stelsels
- Rekenaarwetenskaponderwys

NAGRAADSE PROGRAMME EN NAVORSING

Die Fakulteit Opvoedkunde bied vier hoofopsies vir nagraadse studies:

HONNEURS-GRAD

BEEd Honneurs in:

- Afrikaanse Taalonderwys
- Inligtingstechnologie vir Onderwys
- Rekenaar-toepassings-tegnologie
- Kurrikulumstudies
- Onderwysbestuur en leierskap
- Opvoedkundige Sielkunde

MEESTERS-GRAD

MEd in:

- Kurrikulumstudies
- Onderwysreg
- Opvoedkundige Sielkunde
- Internasionale en Vergelykende Opvoedkunde
- Wiskunde-onderwys
- Onderwys vir Spesiale Behoeftes
- Filosofie van Opvoedkunde

- English Language Education
- Omgewingsonderrig
- Geografie-onderwys
- Geskiedenisonderwys
- Onderwys vir Spesiale Behoeftes
- Lewensoriëntering
- Lewenswetenskappe-onderwys
- Wiskunde-onderwys
- Fisiese Wetenskappe-onderwys
- Tegnologie vir Onderwys

- Liggaamlike Opvoeding
- Rekenaarwetenskaponderwys
- Onderwysbestuur en Leierskap
- Wiskunde-/Wetenskaponderwys
- Fisiese Wetenskappe-onderwys

PHILOSOPHIAE DOCTOR

PhD in:

- Natuurwetenskappe-onderwys
- Onderwysbestuur
- Onderwysreg
- Opvoedkundige Sielkunde
- Vergelykende Opvoedkunde
- Wiskunde-onderwys
- Onderwys vir Spesiale Behoeftes
- Filosofie van Opvoedkunde
- Liggaamlike Opvoeding
- Rekenaarwetenskaponderwys
- Kurrikulumstudies

ADDISIONELE PROGRAMME EN KURSUSSE

Nagraadse Onderwys-sertifikaat (NGOS):

- 'n Professionele afrondings-kwalifikasie vir kandidate wat reeds oor 'n goedgekeurde driejaar-universiteitsgraad beskik en voldoende krediete in goedgekeurde skoolvakke het.
- Studente spesialiseer in onderwys in die Senior en VOO-fase (graad 7–12).
- Die fokus is op klaskamer-praktiek en studente moet die kontekstuele rolle en vaardig-

hede van 'n doeltreffende onderwyser kan demonstree.

- Toelatingsvereistes sluit 'n relevante B-grad met twee skoolvakke op graadvlak in. Een vak moet op derdejaarsvlak wees en die tweede vak op tweedejaarsvlak. Spesifieke vakvereistes kan ook van toepassing wees.

Eenheid vir voortgesette onderwys

- Die eenheid bied verskillende kortleerprogramme (KLP's) aan wat op indiesonderwysers en voordiesonderwysers gerig is.

BAANBREKERSNAVORSING

Navorsingsleerstoel

UNESCO Leerstoel oor Multimodale Leer en Oop Opvoedkundige Hulpbronne (OER)

NWU-navorsingsentiteite

Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRight)
Selfgerigte leer (SGL)
Gemeenskapsgebaseerde Onderwysnavorsing (COMBER)
Edu-Lead